



## HOPE MINISTRIES – ZIMBABWE

Ds Jaco de Bruyn, 50 First Street, Marondera.  
Selfoon en WhatsApp nr. 00 263 77 234 4919  
E-pos: [lite1277@gmail.com](mailto:lite1277@gmail.com)

### NUUSBRIEF

### SEPTEMBER 2017

Liewe vriende

Daar bestaan 'n wysheid wat nie van Salomo is nie: 'n mens waardeer eers iets nadat jy dit verloor het. Dit is 'n les wat ek weereens geleer het die afgelope tyd. My bakkie se ratkas het onklaar geraak en ek moes 'n paar weke sonder vervoer klaarkom. Dit is 'n uitdaging om op my ouderdom weer te leer om fiets te ry. 'n Goeie vriend het opgemerk dat sy ervaring ten opsigte van fietsry is dat alle paaie opdraande loop Ek het vinnig geleer hoe steil sommige strate in Marondera is. Gelukkig het ek ook 'n paar kortpaadjies geleer wat net vir voetgangers en fietsryers toeganklik is.

Grappies tersyde, het ek regtig julle hulp nodig. Die situasie is ernstig. Die ondersoek het getoon dat die vyfde rat heeltemal geslyt is en dat dit die beste sal wees om die hele ratkas te vervang met 'n herboude een. Ons het verskeie oplossings probeer vind maar telkens voor die feit te staan gekom dat, gegewe die huidige omstandighede in Zimbabwe, dit die beste sal wees om sukkel-sukkel met die bakkie se beskikbare ratte af te ry Suid-Afrika toe en daar die omruiling te doen.

Navrae het egter aan die lig gebring dat die episode my 'n volle R18 000 uit die sak kan jaag. Dit is 'n bedrag wat ek net eenvoudig nie het nie. Ek sal ook twee bande moet vervang en laat kyk na die skokbrekers. Daarom het ek die vrymoedigheid om julle hulp te vra. Indien enige iemand kans sien om 'n bydrae tot die uitgawe te maak, sal ek dit hoog op prys stel. Ek hoop om teen middel Oktober 2017 die werk in Suid Afrika te laat doen.

Te midde van die vervoeruitdaging kon ek darem meeste van die werk doen met behulp van die fiets en vervoerhulp van Shona-vriende.

#### **DIE AFGELOPE VIER MAANDE**

**Die aartappel-projek by die skool vorder goed** en die kinders (en sommige volwassenes) is beïndruk met die moontlikheid om 'n goeie oes op so manier te kweek. Die projek is opgestel waar al die kinders die vordering kan dophou en daarby betrokke kan wees. Elke klas het sy eie houers en is verantwoordelik vir die instandhouding daarvan. Van die meer energieke onderwysers laat hulle klasse boekhou van al die ontwikkelinge: wanneer en hoeveel water gegee is, wanneer het die eerste blare verskyn, wanneer meer grond bygevoeg is, ens. Die gedagte is steeds om die kinders te leer hoe om 'n groentetuin te maak in 'n baie klein ruimte.



#### **Die gemeentetjie op die plaas se omstandighede bly benard**

Die lede probeer stukwerk te kry van die een werkgewer na die ander, maar loop hulle telkens vas in 'n situasie waar hulle werk, maar aan die einde van die dag nie betaling vir hulle werk kry nie. Die infrastruktuur op die plaas raak nou erg verval en dit lyk nie of daar die komende plantseisoen enige ekonomiese aktiwiteite daar sal wees nie.

**Ek het begin om "braaihaas"-hokke te maak** sodat die gemeentede in die naam van die gemeente iets vir hulleself kan doen in 'n poging om te oorleef, totdat daar weer werkseleenthede beskikbaar is. Met die voortdurende voorkoms van voëlgriep, het ek hulle aangeraai om vir eers weg te bly van hoenders af. Aangesien nie een van hulle iets van "braaihaas-kweek" weet nie, is dit vir my 'n hele nuwe wêreld van studie.



**Hulle het uit eie inisiatief onderneem om 'n groentetuin aan te lê.** Ongelukkig het die waterpomp wat daardie gedeelte van die plaas bedien waar hulle bly, uitgebrand. Die eienaar het onderneem om dit te vervang, maar met die huidige finansiële situasie op die plaas, dink ek nie dit gaan gou gebeur nie.

Ek probeer voortdurend moed inpraat en wys op soortgelyke situasies in die Bybel, maar dit bly 'n vasbytsituasie met min hoop op verandering in die nabye toekoms.

Dit is verblydend om te sien hoe mense hulle hoop plaas op dinge wat nie van die wêreld is nie en hoe dinge wat nie met geld gekoop kan word nie, al hoe meer waardeer word. Ek is van mening dat hulle hulself baie meer met die situasie van die vlugtelingkampe in die Midde-Ooste kan identifiseer as wat ek dit kan doen.

**By die hospitaal** kan die gevolge van wanbestuur en skeefgetrekte prioriteite in bestuur, al hoe meer gesien word. Geld wat vir die instandhouding en vervanging van toerusting benodig word, word nie beskikbaar gestel nie en dan praat ons nie van die gesukkel om medikasie te bekom nie.

**Wat Bridgit betref is daar nou eers 'n situasie van "stilte" bereik.** Alle hoop is gevestig op 'n onderneming van die skool dat, gegewe dat sekere voorwaardes nagekom word, hulle haar sal oorweeg vir 'n 100% beurs vanaf 2018. Tot dan ontvang sy 'n vorm van onderrig, maar niemand kan bepaal waar haar skolastiese ontwikkeling is ten opsigte van die "Trust Schools" se kurrikulum nie.

Verder is van die trustees so vasgevang in 'n eie situasie van finansiële oorlewing dat weinig aandag aan Bridgit se situasie gegee kan word. Haar skolastiese standaard en emosionele ontwikkeling bly 'n belangrike saak op my voorbiddingslys.

**Die Sondagskool by die NG Kerk** neem

eersdaags weer 'n aanvang na die skoolvakansie. Ons is op die oomblik besig om die name van die boeke van die Bybel te memoriseer. Dit bly 'n ligpunt in my program om rondom die Bybel met die kinders besig te wees.



### SAKE VAN GEBED

Bid asb.:

- \* vir God se voorsiening en beskerming wanneer ek Suid-Afrika toe ry en vir God se voorsiening vir die nodige fondse vir al my nood
- \* vir ons land en dat ek (en ander gewone mense) die gevolge van wanbestuur en korrupsie kan hanteer
- \* vir 'n waterpomp vir die groentetuin sodat God se Naam verheerlik kan word
- \* seën op die "braaihaas"-projek en die aartappel-projek
- \* vir God se ingrype by die hospitaal tot seën en geloof van baie
- \* dat daar vir Bridgit uitkoms sal wees
- \* vir God se uitkoms op die plaas
- \* teen die misleiding van vals profete wat teer op die hoë vlakke van moedeloosheid waarin mense vasgevang is in die heersende situasie in ons land.
- \* dat ek en ander Christene gevul sal wees met die Heilige Gees om in Sy Krag te leef in 'n donker en vyandige wêreld.

Baie dankie vir elkeen van julle se getroue ondersteuning en voorbedding. Dit is vir my baie belangrik. Dit is ook lekker om af en toe nuus van julle te kry. Baie dankie dat julle tyd gemaak het om die brief te lees.

Seënwense en sterkte,  
*Ds Jaco de Bruyn.*

\*\*\*\*\*

**Bankbesonderhede:** Jaco de Bruyn, Standard Bank, Woodbridge Square, Takkode: 012442, Reknr. 626-752-159 . (Skryf asseblief jou kontakbesonderhede op die inbetaling vir verwysing.)  
**Kontakpersone in Suid-Afrika:** Francois Conradie 082 447 6485, e-pos: [thusang@mweb.co.za](mailto:thusang@mweb.co.za); Hetta Kotze (Nuusbrief) 072 684 9585, e-pos: [hobbit@telkomsa.net](mailto:hobbit@telkomsa.net).